Tema: Beleef elke dag die vreugde van Christus en sy Koninkryk.

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps. 67 - 1: 1 (Mel ps. 33)
Votum: Here, U leer ons hoe om te lewe. By U is daar oorvloedige **blydskap**. Uit u hand kom net wat mooi is."
Seën
Loflied Ps. 66 - 1: 1,7,9
Geloofsbelydenis
Sing Ps. 40 - 2: 13 (mel ps 100)

Verootmoedigingsdiens
Wet: fokus op die 4 de gebod; Heidelbergse Kat Sondag 38
Sing Ps. 119 - 2: 4,14
Gebed.

Woorddiens
Ons kom vanoggend by die derde hoofsaak van die koninkryk van God naamlik: vreugde.
Die eerste een: gehoorsaamheid wat ons veral gerig het op ons verh met God.
Die tweede : vrede: het ons gerig op ons verh met ons naaste met wie ons vrede kan he
Die derde; Vreugde is die vrug van die eerste twee – gerig op onsself

Skriflesing: Romeine 14: 13 - 23
Johannes 15: 9 - 17
Teks: Romeine 14: 17
Sing Ps. 98 - 1: 2
Woordbediening;

Antwoorddiens
Sing Sb 1 - 2: 1
Liefdegawes
Gebed vir BnB
Sing Ps 95 - 1: 1
Seën
Sing Ps. 67 - 2: 3 (mel ps 33) maak reg by Truida

Die koninkryk van God is ŉ saak van vreugde!

Met ander woorde, geliefde brs. en srs. en kinders: **ons lewe as burgers in die ryk van God moet ŉ lewe van daaglikse vreugde en blydskap wees!** Wanneer ander mense na my en jou kyk moet die vreugde wat ons uitstraal onmiskenbaar wees! **Kinders:** die woord "onmiskenbaar" beteken dat iets so duidelik gesien kan word in jou lewe is dat iemand dit nie kan mis nie! Dit is helder en duidelik sigbaar! So moet ons vreugde as gelowiges vir ander mense sigbaar wees.

Ons vreugde daar waar ons **as gesin bymekaar** is en tussen ons vriende en familie leef! Ons vreugde daar waar ons in die **kantoor** of in die **klaskamer/lesinglokaal** instap en onderrig gee! Ons vreugde waar ons op die **plaas ons werk saam** met ons werknemers doen. Daar waar ek agter **die toonbank staan** om my klante te bedien – daar moet mense my vreugde kan sien!

En natuurlik veral hier waar ons op Sondae en andersins as gelowiges bymekaar kom, hier moet ons vreugde veral sigbaar wees! Dit moet soos ŉ onsigbare energiebron wees wat ons in mekaar erken en wat ons samekomste kenmerk! Net soos wanneer mense in ŉ stadion saamdrom voor ŉ rugbywedstryd: die afwagting en vreugde van dit wat gebeur! Dit moet onmiskenbaar teenwoordig wees!

En terwyl ŉ mens hierdie dinge sê, is dit sommer asof jy spoed wil verloor want die besef van die werklikheid dring tot ŉ mens deur: maar dit is dikwels nie so nie! Jy sien so min hierdie vreugde as onmiskenbare eienskap van gelowiges raak! Ons loop meer met lang en bekommerde gesigte rond – ook as ons hier saamkom – as wat ons vreugde in mekaar kan raaksien!
Stem julle saam brs. en srs? As ons na ons lewe as burgers van God se koninkryk kyk dan sou ons eerder wou sê: die lewe in God se ryk is ŉ moeilike saak! Dit is ŉ swaar saak om kind van God te wees! Hier is maar min om oor te lag en bly te wees!

Daarom, geliefde gemeente, kom die Here vanmore na ons toe met hierdie boodskap: **Beleef elke dag die vreugde van die lewe in Christus en sy koninkryk! Dit is ons boodskap van God vanmore.**

Beleef elke dag die vreugde van die koninkryk! Dit is wat God ons gee: die vermoë om elke dag, in alle omstandighede, die vreugde van die koninkryk van God te beleef! **Vreugde kan en moet ŉ onmiskenbare eienskap van my en jou lewe wees!**

Kom ons kyk eerstens hoekom die Here vanmore vir ons sê dat die lewe in sy koninkryk is ŉ saak van vreugde! Onthou julle nou weer wat **die begrip "koninkryk van God" beteken?** Dit gaan mos oor God se almagtige heerskappy oor my lewe en hoe Hy daardie heerskappy deur my wil uitbrei oor die hele wêreld. God heers oor my lewe! **Dit is die bron van my vreugde!** Ek is nie uitgelewer aan die magte van Satan en sy bose engele nie. Nee! God heers met liefde en uiterste sorg oor my!

Kinders: ken julle nog die kinderliedjie van oom Jan de Wet: My pa is die koning? Omdat ek weet God is my pa en ek is in sy hande is die lewe ŉ fees! ŉ Kinderliedjie brs en srs, met ŉ diep Bybelse waarheid.

God regeer! Die duiwel het gepoog om ons juis uit God se regeringshand te kom ruk. Hy het dit amper reggekry want toe die mens in sonde val het ons juis ons vreugde verloor! In plaas daarvan dat die lewe in die koninkryk van God ŉ fees is, het dit swaar geword! In plaas van gehoorsaamheid het daar ongehoorsaamheid gekom. In plaas van vrede het daar rusie en twis en moord en doodslag gekom Kain slaan vir Abel dood en die mens verval in kommer en onrus! In die gemeente van Rome beleef hulle ook die gevolge van hierdie onmin en stryd deur 'n geveg oor onbelangrike dinge in die gemeente. Die kerk van die Ou Testament het telkens God se ingrepe van redding met vreugde beleef en het gesmag dat die Verlosser sou kom.

En Hy het gekom. God, die Vader, stuur Christus in hierdie wêreld in om weer sy vreugdeheerskappy te kom vestig! Christus se werk was juis om weer permanente vreugde in ons lewe te bring! Hy sê in **Joh. 15:9-11** "Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief. Julle moet in my liefde bly. As julle my opdragte uitvoer, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die opdragte van my Vader uitvoer en in sy liefde bly. "**Dit sê Ek vir julle sodat my blydskap in julle kan wees en julle blydskap volkome kan wees."**

Wat is Christus se blydskap? Sy oorwinning aan die kruis oor die Satan en sy oorwinning oor die dood met sy opstanding. So het sy liefde vir ons bewys en h**et Hy die heerskappy van God oor ons lewe volkome gevestig! Nou heers ons Pa weer oor ons en nie die duiwel nie!** En nou kan ons Hom gehoorsaam en kan ons "volkome" vreugde beleef – elke dag van ons lewe in die Koninkryk van God.

Om hierdie heerlike heerskappy van God oor ons te waarborg het God die Heilige Gees in ons kom woon en die vrug van sy inwoning in ons **is juis blywende vreugde**! Ons lees mos in Gal 5: 22 dat die vrug van die Gees se heerskappy oor my lewe vreugde is!
Daarom dan geliefdes, dat God vir ons kan sê: die lewe in sy koninkryk is ŉ saak van vreugde! God het dit vir ons in Christus en deur die Gees bewerk! Die is nie bedoel as 'n lewe van kommer en vrees nie!

Kom ons kyk tweedens hoekom ons as gelowiges dan so min vreugde beleef? Hoekom lyk dit asof ons lewe in die koninkryk eerder ŉ lewe van kommer en beswaardheid is?

Br en sr, die diepste rede daarvoor is omdat ons, in ons sondige selfsug, dink dat vreugde die resultaat is van iets wat God ons gee en nie van wat ons in God self het nie! Luister weer mooi: Vreugde is nie die resultaat van iets goeds wat God vir jou in jou lewe gee nie.

Ons dink – en daarom bid ons almal die meeste daarvoor – dat goeie gesondheid, goeie inkomste, ŉ gelukkige huwelik, mooi kinders en ander aardse sekuriteite my gelukkig sal

maak. **En as ek dit nie ontvang nie – dan is ek ongelukkig!** Dan beleef ek nie vreugde nie – dan is my lewe as kind van God nie ŉ fees nie, maar is dit soos ŉ stout kind wat altyd ontevrede bly met wat hy of sy nie het nie!

Geliefde gemeente, ons moet ons hiervan bekeer! Ons kan nie God so misbruik nie en so wil leef as burgers van sy koninkryk nie. Dit is hoekom ons so min vreugde ervaar! Dit is hoekom ons lewe as gelowiges vir mense eerder na ŉ kruis as ŉ koninkryk lyk.

Dit is vandag voorbereiding vir Nagmaal en voorbereiding beteken dat ons elkeen ons lewe voor God ondersoek en dat ons erken dat ons sonde doen en ons daarvan bekeer!

Kom ons erken vanmore voor die Here en kom ons bid saam (Bid):

Here, ons erken en bely dat ons U soek nie omdat U God is nie, maar omdat ons altyd iets van U wil hê. Iets wat ons glo ons gelukkig sal maak. Ons erken dat die vreugde in ons lewe dikwels afhang van wat U ons gee en nie omdat ons U as ons Here en God het nie. Vergewe ons hierdie selfsug Here en leer ons om ware vreugde in Christus, ons Here te vind. Amen.

Brs en srs, Christus se vreugdewerk was so volkome dat selfs ons ergste beproewing ons nie van ons vreugde kan beroof nie. Ons het dit verlede Sondag in die preek van die student gehoor toe die Here vir ons gesê het: wees bly as allerlei beproewinge oor julle kom! Verheug julle hieroor want so word julle geloof in God gelouter! Ons geloof word skoongewas van al ons verkeerde persepsies oor wat geluk en vreugde bring en dit word op God gefokus – soveel so dat ek selfs in my diepste seer steeds my vreugde in God kan ervaar en moet ervaar.

Wat moet ons dan doen om die vreugde van die koninkryk elke dag te belewe? Kom ons beantwoord laastens hierdie vraag.
Vreugde in die koninkryk van God is die blywende gevolg omdat jy in 'n persoonlike verhouding met Christus staan en deel aan sy heerlike heerskappy. **Br en sr, Christus is ons vreugde!** Jy vind daagliks jou vreugde in Christus as jou Here en Koning en nie in wat Hy jou gee as burger van sy Ryk nie. Die wonderlike genade is dat ons daagliks vreugde kan hê – ook in beproewing – as ons net op Christus fokus en nie op wat Hy in sy hande vir ons het nie!

En dit is hoekom Nagmaal so wonderlike instelling van die Here is. Dit laat ons weer volkome op Christus fokus – om innige gemeenskap met Hom te hê. Kinders, om "gemeenskap" met iemand te hê beteken om baie intiem, baie innig en persoonlik met iemand om te gaan. Dat daardie persoon jou gelukkig maak, dat dit lekker is om saam met hom of haar te wees, dat sy/ haar teenwoordigheid jou laat ontspan, jou veilig laat voel en jou laat voel dat jy niks meer nodig het as om net by hierdie persoon te wees nie. Hy of sy laat jou lag en jy geniet dit om daar te wees.

So, geliefdes, moet ons gemeenskap met Christus hê. En die Nagmaal laat ons iets hiervan ervaar. Waar Christus aan die hoof van die tafel staan en vir elkeen wat deelneem

ʼn stukke brood uitdeel en wyn. **Ons eet en ons drink dit as simbool dat Christus so ons lewe versadig en ons in Hom ware vreugde het! Dat ons ervaar om gered te wees, is die wonderlikste ding wat ooit met ons kon gebeur. Om onder Christus se heerskappy te wees, is die vredevolste sekuriteit wat ons kan ervaar – want Hy sorg vir ons! Hy dra ons, Hy gee ons krag, Hy gee ons vreugde! hy troos ons en Hy gebruik ons as burgers in sy koninkryk van vreugde. Hy gee ons ware en blywende vreugde elke dag van ons lewe!**

En ons kan dit ervaar elke dag – nie net aan die Nagmaaltafel nie – as ek elke dag intiem met Christus verkeer. Deur die Woord, in gebed en in geheimenisvolle kontak tussen my en Hom waarin Hy my sy vreugde laat deel. Elke dag!

Geliefdes, Vreugde is net so opdrag soos gehoorsaamheid en vreugde! Soek en vind dit elke dag in Christus. Kies elke dag daarvoor. Maak vreugde jou lewenskeuse anders laat jy ruimte vir die duiwel om jou weer deur jou eie selfsug ongelukkig te maak.

Ten slotte: Ek kyk gister na ʼn dvd van Nick Vujicic, ʼn man wat sonder arms en bene gebore is. Hy sê hy het geleer dat jy in die lewe twee keuses het: jy kan die heeltyd ongelukkig wees oor wat jy nie het nie of jy kan dankbaar wees vir wat jy het. Deur die genade kon hy kies om dankbaar te wees vir wat hy het en dit maak hom gelukkig. Die naam van sy dvd is baie sprekend. Dit lees: no arms, no legs, no worries!

Br en sr, kom ons maak die keuse om dankbaar te wees vir wat ons in Christus het, nie in wat Hy nie vir ons gee nie, want **dan is** ons lewe in die koninkryk van God ʼn saak van vreugde! Almal sal dit kan sien en almal sal Christus daarvoor dank!

Amen